

Uitstorting van die Heilige Gees

Vorbereide leeswerk vir die aanbieder

Handelinge 2: 1 - 36

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Spookasem

Werkkaart van die uitstorting van die Heilige Gees

Skêre, gom en inkleurkryte

'n Stukkie watte

Lesinhoud

Toe die Pinksterfees aanbreek, was al die gelowiges saam. Pinksterfees was die Joodse oesfees wat 50 dae na Paasfees gevier is. Skielik was daar 'n geweldige dreuning, dit het soos 'n storm geklink, met erge rukwinde. Terwyl die gelowiges nog gewonder het wat dit was, sien hulle iets wat soos vuurvlamme lyk wat in tonge verdeel en oor elkeen van hulle kom. Dit was die Heilige Gees waarvan Jesus hulle vertel het, wat van hul lewens besit kom neem het.

- Die rukwind was 'n teken van God dat net soos wat winde die hele wêreld vol kan waai, so sal die Heilige Gees die hele wêreld vol wees.
- Die vuur was 'n teken van die hemelse glans en heerlijkheid waarvan die Heilige Gees deel was.
- Die tonge vuur wat verdeel het was weer 'n teken dat die Heilige Gees ons menslike tonge sou losmaak om oor Christus te getuig.

Natuurlik het baie mense die vreeslike harde geluide van die rukwinde gehoor en uit nuuskierigheid na die plek gegaan waar die gelowiges bymekaar was. Dadelik het die gelowiges in allerhande tale begin praat. Die Heilige Gees het hierdie wonderwerk laat gebeur. Hierdie "ander" tale wat hulle begin praat het, was sodat die Jesus-evangelie na ander volke geneem kon word. In die Bybel word daar 15 verskillende tale genoem wat eensklaps deur die gelowiges gepraat is. Hierdie tale was almal bekende tale en is gepraat deur al die verskillende nasies (pelgrims) wat in Jerusalem bymekaar was.

Sommer vyf maal noem die Bybel hoe verbaas die skare was oor al die tale wat die dissipels gepraat het – veral omdat almal geweet het die dissipels kom uit 'n deel van Galilea waar hierdie tale definitief nie gepraat is nie!

Natuurlik was daar 'n klomp spotters wat gesê het: "Ag nee wat, hulle praat so deurmekaar want hulle is dronk."

Petrus het hierdie kans aangegryp om sommer die eerste preek in die Christelike kerk te hou! Hy en die ander apostels het die skare stil gemaak en almal verseker dat hulle definitief nie 9 uur in die oggend dronk was nie. Wat die skare gesien het, was 'n baie groot wonderwerk. Omdat Petrus geweet het hoe belangrik die Ou Testament vir die Jode was, het hy in sy preek baie aangehaal uit die Ou Testament, om te wys dat Jesus regtig die Messias was na wie almal uitgesien het.

Petrus se preek het uit drie dele bestaan.

1. Hy het die mense vertel wat daar op daardie dag gebeur het. Die Heilige Gees is oorvloedig aan alle mense gegee. Nie net profete, priesters en konings kon op tree as boodskappers van God nie – met die Heilige Gees in jou kon enigiemand ander mense van God vertel. Die Heilige Gees is 'n geskenk aan alle mense om by ons te bly in die eindtye tot Jesus weer kom.
2. Petrus vertel vir die mense dat God deur Jesus en Sy wonderwerke vir die Jode wou wys dat dit Sy Seun is – maar dat die Jode hulle nie daaraan gestuur het nie. Nou moet hulle weet: Nie eers die dood kon Jesus vashou nie. Hy het opgestaan!
3. Laastens het Petrus vir die mense vertel van Christus se hemelvaart en dat Hy nou Sy aardse ryk deur die Heilige Gees regeer.

Petrus en die apostels was so vol van die Heilige Gees dat hulle die hele Israel vir Christus wou wen. Die skare wat na Petrus geluister het, is diep geraak deur sy woorde. Na Petrus se toespraak het omtrent 3 000 mense hul lewens aan Christus gegee. Hulle is ook gedoop.

Vragies vir slim oortjies

- Noem twee dinge wat gebeur het toe die Heilige Gees aan die gelowiges gegee is.
- Waarvan is die apostels deur die spotters beskuldig?
- Hoekom het Petrus baie uit die Ou Testament gepreek op hierdie dag?
- Het die mense na Petrus geluister? Hoe weet ons dit?

Besprekingspunte

- Hoeveel tale kan jy praat? (Die dissipels kon ewe skielik 'n klomp tale praat. Dit was tale wat ander mense verstaan het en dit was sodat die goeie nuus van Jesus vinniger oor die aarde kon versprei).
- Wanneer kry 'n Christen die Heilige Gees in hulle? (As ons erken dat Jesus ons Pappa en Vader is en vir Hom vra om in ons harte te kom woon).
- Hoe sal jy vir iemand wat nie vir Jesus ken nie, vertel wat die Heilige Gees is? (Dit is Jesus wat in jou hart woon).
- Hoekom het God vir ons die Heilige Gees gestuur? (Om ons te help om ander mense van Jesus te vertel).

Lewensles

God gee vir al Sy kinders Sy Heilige Gees, om ons te help om mense van Jesus se verlossingswerk te vertel.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, dankie dat ons weet dit uitstorting van die Heilige Gees is nie iets wat 2000 jaar terug in die Bybel gebeur het en net daar gebly het nie. Die Heilige Gees werk elke dag in ons lewens en ons prys U daarvoor!

Amen

Idees vir VET pret

Spookasem. Soos die "wind" wat 'n teken was dat die Heilige Gees oral is. Spookasem smelt soos "wind en wolkies" in jou mond!

Kreatiewe aktiwiteit

Knip die huisie uit en plak die dele op mekaar. Teken met die inkleurkryte vuurtonge oral oor die dak, soos wat die Heilige Gees op die gelowiges binne in die huis gekom het.

Vers vir die week

Handelinge 2: 4

"Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder Sy leiding te doen."

Net vir die lekker

Hou twee kinders uit. Die res van die kinders moet in 'n ry staan en almal vorentoe kyk (skouer teen skouer). Hulle moet hulle hande oop agter hulle ruggies hou. Die een kind staan voor en kyk na die ry kinders. Die ander kind stap agter verby almal se hande en moet 'n watte sukkie (soos die wind en die wolke en die swaar weer wat oor die dissipels gekom het) in een se hand sit sonder dat die voorste kind sien. Die voorste kind moet raai wie die watte stukkie het. Herhaal dieselfde speletjie met twee ander kinders totdat almal 'n beurt gehad het. As die Heilige Gees in jou lewe inkom, sal dit nie nodig wees vir ander mense om te raai nie. Jou lewe sal wys dat jy vir Jesus ontdek het!